

LEWENSLOOP VAN 'N ELANDBEVOLKING *TAUROTRAGUS ORYX* IN DIE BONTEBOK NASIONALE PARK

G DE GRAAFF

Nasionale Parkeraad

Posbus 787

Pretoria

0001

P T VAN DER WALT

Afdeling Natuurbewaring

Privaatsak X404

Skukuza

1350

L J VAN ZYL

Bontebok Nasionale Park

Posbus 149

Swellendam

6740

*Abstract – A description of the life history of an eland population *Taurotragus oryx* in the Bontebok National Park, near Swellendam is given. The reasons which led to the eventual removal of the population from the Park are discussed.*

Inleiding

Vanuit historiese gegewens (du Plessis 1969) is dit duidelik dat die eland *Taurotragus oryx* in die meeste dele van die suidelike Kaapprovincie voorgekom het. Daar is egter geen aanduidings hoe volop die diere was nie en teen die einde van die agtende eeu was die spesies reeds skaars in die suid-Kaap. Hierdie proses van getalle-afname het later daartoe geleid dat elande hier beperk was tot beskermde gebiede. Een so 'n gebied was die Bontebok Nasionale Park (BNP), naby Swellendam, waar elande gedurende 1960 hervestig is vanuit die Kalahari-gemsbok Nasionale Park (KGNP) (Penzhorn 1971) om die wildbevolking van die BNP verteenwoordigend te laat wees van wat daar vroeër in die geweste voorgekom het. Die verblyf van dié diere in die BNP is op 1975.05.25 kortgeknip as gevolg van redes wat in hierdie verslag omlyn word.

Tabel 1

Lewensstabel van die Elande in die Bontebok Nasionale Park

Jaar	Toename/Afneme	Manlike diere			Vroulike diere			Totaal	Kalf Percentasies
		Volwasse	Meerjarg	Kalwers	Volwasse	Meerjarg	Kalwers		
1960	4 Elande In Park hervestig vanuit Kalahari Gemsbok Nasionale Park	2	-	-	2	-	-	4	0
1961	koeie dragtig	2	-	-	2	-	-	4	0
1962	2 kalwers gebore	2	-	2	2	-	-	6	100
1963	5 verse ingebring vanuit die Kalahari Gemsbok Nasionale Park 2 kalfies gebore Mei en Junie	2	2	-	2	5	2	13	100
1964	1 volwasse koei vrek 1 jong bul in geveg met 'n ouer bul gedood 2 kalfies gebore	4(-1)	-	2	7(-1)	2	-	13	28
1965	3 kalfies gebore	3	2	1	8	-	1	16	37
1966	1 volwasse koei breek been 1 volwasse bul breek been 1 volwasse koei vrek 3 kalfies gebore Augustus en Oktober	albei ver- nietig	-	-	-	-	-	-	-
			5(-1)	2	1	8(-2)	1	2	16
1967	1 volwasse bul vrek 4 kalfies gebore	6(-1)	1	2	7	2	2	19	57
1968	3 kalfies gebore	6	2	2	9	2	1	22	33
1969	1 ou bul vrek (69.07.20) 4 kalfies gebore Julie en Augustus (1 versuip in 'n Breedervievier)	8(-1)	2	2	11	1	2(-1)	24	36
1970	3 kalfies gebore 1 ou koei vrek	9	2	2	12(-1)	1	1	26	25
1971	2 kalfies gebore 1 bul, 2 verse vrek	11	2(-1)	1	12	1(-1)	1(-1)	25	16
1972	Mei 5 kalfies gebore - 1 bul verkoop Desember 3 kalfies vrek 1 bul vrek, ouderdom Desember 1972 1 bul geskiet vir post mortem: baie ou dier Mei 1972 1 koei vrek, ouderdom	12(-3)	1	5(-3)	12(-1)	-	-	23	41
1973	Populasie samestelling in November 1973	8	2	2	13	-	4	29	46
1974	1 bul en 2 koeie verkoop 1 bul en 1 koei geskiet vir p.m. 2 volwasse koeie vrek	10(-2)	2	1	18(-5)	4	2	25	23
1975	Populasie samestelling op 1975.05.25 toe al die elande uit Park verwyder is	6	4	-	8	4	-	22	

Resultate en Bespreking

Met die totstandkoming van die nuwe BNP te Swellendam in 1960 (van Rensburg 1975), het die gebied 1 435 ha beslaan en is vier elande (twee jong bulle en twee jong verse) daar hervestig. In 1962 is die eerste kalfies gebore (Tabel 1). In 1963 is die getalle verder versterk deur die inbring van vyf versies, ook vanuit die KGNP. In 1964 is die BNP vergroot tot 2 786 ha en met die verloop van jare het die trop aangegroei tot 'n maksimum van 29 individue. Die wel-en-wee van die elande in die BNP word in Tabel 1 weergegee waarin die populasie-struktuur vanaf 1960–1975 verstrek word tesame met gegewens oor reproduksie en mortaliteit.

Die elande het deurgaans 'n lae kalfpersentasie van 41% gehandhaaf terwyl hul algemene bouvorm ook veel te wense oorgelaat het. Dit spruit skynbaar vanuit 'n voedingstekort wat aanleiding gee tot sekondêre simptome soos 'n lae reproduksie en afname in massa. Hierdie tekort vererger hoe ouer die dier word want dit was deurentyd opvallend dat die jong elande se kondisie goed is. Dit dui daarop dat die probleem gesentreer het rondom 'n proteïentekort wat veroorsaak word deur 'n verlaagde voedselinname hoe ouer die dier word.

Dit is bekend (Louw, Steenkamp en Steenkamp 1968) dat die ruproteïeninhoud van smaaklike bossies en struiken oor die algemeen hoog is. In die BNP is die plantegroeisamestelling egter van so 'n aard dat daar weinig smaaklike struiken en bossies voorkom (de Graaff, van der Wal⁺ en van Zyl 1976) maar heelwat smaaklike grasse. Dit bring mee dat die elande tog noodwendigerwys gaan peusel aan hierdie bossies ter einde te probeer voldoen aan sy proteïenbehoeftes.

Hierdie genoemde bossies en struiken besit deurgaans 'n hoë eterekstrak (Louw *et al.* 1968). Dit, tesame met die teenwoordigheid van 'n hoë persentasie harde grasse, lei tot 'n relatief vinnige slytasie van die elande se tande. Die geslyte gebit van die dier gee weer aanleiding tot 'n verlaagde inname van smaaklike grasse wat redelik volop in die BNP voor komt. Aangesien 'n grasblaar primêr uit ruvesel bestaan, gee hierdie verlaagde inname aanleiding tot 'n verlaagde energie omdat ruvesel die belangrikste bron van energie vir enige herkouer uitmaak.

Om 'n aanduiding te gee van die rol wat siektes en/of parasiete in die elandpopulasie gespeel het, is die volgende bevindings van 'n veeartsenykundige ondersoek op 'n ou bul gedurende 1972 van waarde:

- (i) Die dier was baie maer, moontlik as gevolg van 'n voedingstekort. Geen vetreserwes behalwe om die hart nie.
- (ii) Behalwe vir 'n paar volwasse *Paramphistome* (peervormige slakke) was die dier vry van inwendige parasiete.
- (iii) Eiertellings ten opsigte van worms in die mis was negatief.
- (iv) Uitwendige parasiete het hoofsaaklik uit die volgende boslusee bestaan:

Rhipicephalus evertsi evertsi
Hyalomma turanicum

- (v) Die bloedwaardes was soos volg:

In mg/100 ml						g/100 ml	
PO ₄	Mg	Ca	Na	K	Totale plasma Proteïen	Hb*	% H/C**
1,3	2,2	10,0	326	20,3	7,4	11,0	32

Die waardes lê redelik goed behalwe in die fosfate en Ca, asook die Hb-waarde wat moontlik 'n bietjie laag is.

*Haemoglobin **Haemokrit

(vi) Die lewer het die volgende waardes getoon:

d.p.m. droeë basis

Cu	Fe	Zn	Mn	Mg	K
107	345	128	11,2	618	696

Die waardes blyk normaal te wees.

(vii) Die rumen, sowel as die abomasum, het lang stukke veselige plantegroei bevat wat te wyte is aan die afgeslyte gebit van die dier.

Die velerlei reeds genoemde gebreke wat die elandbevolking in die BNP oor die jare geopenbaar het en ten spyte van voorkomende maatreëls, soos die verskaffing van mineraallekke, om hul voerinname te stimuleer, het die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke gedurende Maart 1975 tot die oortuiging gebring dat die bestaande habitattoestande in die BNP nie bevordelik is vir die welvaart van die eland nie. In hierdie verband het oorwegings ook gegeld soos uitgestippel is in van der Walt, de Graaff en van Zyl (1976).

VERWYSINGS

- DE GRAAFF, G., P. T. VAN DER WALT en L. J. VAN ZYL, 1976. Populasie-samestelling van die bontebok *Damaliscus dorcas dorcas* in die Bontebok Nasionale Park, gedurende Januarie 1974. *Koedoe* 19: 121-128.
- DU PLESSIS, S. F. 1969. The past and present geographical distribution of the Perissodactyla and Artiodactyla in southern Africa. M.Sc. Thesis, Univ. of Pretoria.
- LOUW, G. N., C. W. P. STEENKAMP en E. L. STEENKAMP. 1968. Chemiese samestelling van die vernaamste plantspesies in die Noorsveld. *Tegn. Med. No. 77* Pretoria: Staatsdrukker.
- PENZHORN, B. L. 1971. A summary of the re-introduction of ungulates into South African National parks (to 31 December 1970). *Koedoe* 14:145-159.
- VAN DER WALT, P. T., G. DE GRAAFF en L. J. VAN ZYL. 1976. Lewensloop van 'n rooihartbeesbevolking *Alcelaphus buselaphus caama* in die Bontebok Nasionale Park. *Koedoe* 19:181-184.
- VAN RENSBURG, A. P. J. 1975. Die geskiedenis van die Nasionale Bontebokpark, Swellendam. *Koedoe* 18:165-190.